Ek lê en dink nou aan ‘n skreeusnaakse gesprek wat ek en Chris eendag gehad het.

Ons het beide die vorige aand wyn geneem - een of ander funksie - en niemand sou ons as rats kon beskryf nie. Die gesprek gaan toe oor die effense voet-foutjies wat soms intree as daar wyn by betrokke was - en dat daar soms persone saam met jou in ‘n gedeelde slaap spasie op-eindig wat - sou dit nie vir wyn en jeugdelike voortvarenheid gewees het nie - onwaarskynlik sou wees. Trouens - so onwaarskynlik soos die nakom van ‘n ANC verkiesings belofte.

So gesels on toe oor wat die ergste is wat ‘n man in so tref en trap situasie kan oorkom - ... , lelik, volksvreemd, Dopper, boom roker, of vashouer... die lys is nogaal verbasend lank...

So sit en bedink ons toe die horrors - party teoretiese horrors - ander weer effe te na aan die bas vir gemaklike spysvertering. Na so tydjie van Richterskaal tipe 5 kopseer trotseer en met sulke waterige ogies na ‘n koffie beker staar, se Chis toe hy dink hy het dit….

Verbeel jou jy raak wakker met daai gevoel dat beide jou kop en blaas gaan bars... jy begin jou omgewing met akute angs bekyk, en ‘n growwe Griekse aksent langs jou se:

*“Goeiemore meneer. I be Dimitri. I love you. I’ve put eet on your tab. You wanta da coffee?”...*